

10 Desember

Loof die Here onbeskaamd en opreg

Skrifgedeelte: Esra 3:6b-13

Fokusgedeelte: Esra 3:11

Ons is dikwels bang om openlik die Here vir sy goedheid te dank. “Sal die mense nie sê ek dweep nie?”

Ons lees hoe die hele Israel by die opbou van die altaar die Here met vreugde opreg gedank het, selfs dwarsdeur hulle eie vrees deur (3:3). Die Samaritane wat die land bewoon het tydens Israel se ballingskap in Babel, was glad nie goedgesind teenoor die teruggekeerde Jode nie.

Daar was egter rede om die Here te dank. Hy het Israel se noodroep gehoor en die berou oor hulle sonde gesien. Hy het hulle toe terugbring na die beloofde land onder leierskap van Serubbabel. Die formele godsdiens, die offerdiens is herstel, maar dit was nie net uiterlike hestel nie. Die hele volk se hart was in die godsdiens. So maklik kan ons volstaan met die amptelike: getrou in die kerk, bydrae op tyd, en ek doen nie iets skandeliks of verkeerd nie, maar waar is my hart?

Israel se toewyding was eg. Hulle het nie net die altaar en die verwaarloosde feesdae herstel nie. Spontane offers het uit elkeen se hand gekom (vs 5). Die loflied in vers 11 was inderdaad die lied van opregte, dankbare gelowiges. Dit was ook onbeskaamd. Hulle was wel bang vir die ander bevolkingsgroepe in die land, maar dit het nie hulle loflied stilgemaak nie.

Is jy bereid om die Here onbeskaamd en met jou hele hart te prys omdat Hy jou verlos het, selfs al gluur die onverskilliges jou aan?

Sing: Psalm 113:1 en 3

Ds. Anton van Rensburg (Paarl)